

Boekresensie

Fauconnier, G. (1981) *Algemene Communicatietheorie. Urecht/Antwerpen: Spectrum*

Die ontwikkeling van die meeste dissiplines of deeldisiplines is gekenmerk deur 'n redelik intensiewe fase van modelbou en teorievorming, en ook 'n gepaardgaande vermenigvuldiging van navorsing. Geleentheid vir koördinasie, evaluasie en integrasie is daar dikwels nie. Dit is pas wanneer 'n dissipline 'n sekere mate van erkenning begin verwerf dat geleentheid vir koördinasie, evaluasie en integrasie geskep word.

In die Kommunikasiekunde gaan dit nie anders daaraan toe nie. In 1978 het hierdie vakterrein ook daardie fase betree met die publikasie van B.A. Fisher se *Perspectives on human communication* en S.W. Littlejohn se *Theories of human communication*. Hoewel beide hierdie tekste verskillende pretensies het en die stand van teorievorming op kommunikasiekundige terrein verskillend gesistematiseer en geëvalueer het, het hulle wel een belangrike saak gemeen, naamlik dat hulle vir alle praktiese doeleindes uitsluitlik op Brits-Amerikaanse literatuur gekonsentreer het. Net daarom is die verskyning van Fauconnier se nuwe werk al besonder welkom. Die verwagting dat daar 'n verrekening van die Nederlandstalige, Franse en Duitse literatuur in die teks sou plaasvind, is inderdaad dan ook bevestig. Op dié wyse is hierdie boek dan tog wel enigszins in 'n ander kader as dié van Fisher en Littlejohn.

Wanneer 'n mens 'n teksboek oor kommunikasieteorie moet evalueer, is dit allereers nodig om te bepaal wat die definisie van kommunikasie — implisiet of eksplisiet — van die outeur is. In hierdie werk het die outeur 'n besonder wye definisie van kommunikasie as uitgangspunt gebruik, naamlik die sg. gedragskommunikatiewe uitgangspunt. Volgens hierdie opvatting is alle gedrag kommunikasie. Sy verantwoording (o.m. p. 41) vir hierdie ruim definisie van kommunikasie is geleë in die feit dat hy nie apriories 'n aantal teoretiese benaderings tot dié van die kommunikasieverskynsel wou uitsluit nie. Klaarblyklik kan so 'n breë definisie van kommunikasie probleme vir 'n outeur veroorsaak. Al is dit net omdat dit nie altyd duidelik is waarom sekere teorieë wel ingesluit word onder die opskrif kommunikasie nie. Daaroor later meer. Die outeur het egter enigszins gekompenseer vir hierdie breë aanpak deur aan die einde van die werk te kom tot 'n eie en oorspronklike definisie van kommunikasie wat afgelei is uit 10 stellings oor die verskynsel. Hierdie stellings is die resultaat van sy kritiese analise van die teorieë wat in die voorafgaande hoofstukke behandel is.

Tematief val die boek in twee hoofkomponente uiteen wat elk weer onderverdeel kan word, nl. 'n eerste deel waarin konsepte, die omvang van die ondersoekterrein en komponente van die kommunikasiever-skynsel aan bod kom, en 'n tweede deel waarin verskillende teorieë en teoretiese benaderings aan die orde gestel is. Deel een bestaan uit ses hoofstukke waarin agtereenvolgens die volgende temas behandel word: historiese ontwikkelings van kommunikasiewetenskap, probleme ten opsigte van definiëring, struktuur en model, tekensisteme, dierekommunikasie en terugvoering. Die tweede deel van die boek bestaan uit vyf hoofstukke met as temas die volgende: simbole en betekenis, die sisteembenadering, sosiaal-psigologiese benaderings, interpersoonlike kommunikasie, en laastens, interaksionisme. Enkele aantekeninge oor sommige aspekte van die hoofstukke kan 'n aanduiding van die aard van die boek weergee.

Ten opsigte van deel een die volgende opmerkings: Fauconnier se verkenning van wat hy noem die "doolhof van opvattinge", is 'n nuttige en redelik sistematiese uiteensetting van die problematiek rondom die definiëring van kommunikasie as verskynsel. Hier het hy daarin geslaag om 'n baie bruikbare aanduiding te gee van die verskillende uitgangspunte en ook die implikasies van spesifieke benaderings tot die definiëring van kommunikasie.

In hoofstuk 3 is aandag geskenk aan die kommunikasieproses, meer spesifiek die struktuur en modelle. Hoewel die woord *proses* voorkom in die titel van die hoofstuk is daar kwalik enige sprake van die proses in hierdie hoofstuk. Die problematiek van die aard van 'n proses is hoegenaamd nie aangeraak nie en gevolglik is daar ook nie voldoende aandag gegee aan die verskille tussen prosesmodelle en struktuurmodelle nie. Hierdie kwessie kan beslis as 'n beperking in hierdie hoofstuk aangeteken word. Voortbouend op hoofstuk 2 sou hierdie boek baie daarby gebaat het indien bv. aandag gegee is aan Berlo se 1960- en 1977-standpunte oor proses en ook aan Krippendorff se kritiese opmerkings rondom die idee van proses. Vir die res bestaan hierdie hoofstuk uit 'n aantal toevallig gekose modelle van die kommunikasieproses wat (soos die outeur opmerk op bladsy 48) ter illustrasie van modelbou in die kommunikasiewetenskappe geld. Soos te verwagte van 'n beknopte oorsig, is daar in die afdelings nie sprake van 'n indringende kritiese ontleding van die modelle nie. Weliswaar lewer Fauconnier 'n baie bondige vergelyking van hierdie modelle (pp. 59/56) waarin hy beklemtoon dat die herkoms van die modelle grotendeels verantwoordelik is vir die verskille tussen die modelle.

Die hoofstukke oor dierekommunikasie en terugvoering is van uiteenlopende kwaliteit. In die geval van die hoofstuk oor dierekommunikasie moet 'n mens ná die lees van die hoofstuk jou tog wel die vraag vra of diere hoegenaamd kan kommunikeer in die sin van menslike kommunikasie. Trouens, in terme van hoofstuk vier se behandeling van die

boodskap sou 'n mens tot die gevolgtrekking moes kom dat diere inderdaad nie kan kommunikeer nie — in teenstelling met wat hoofstuk vyf pretendeer — en verder is die kwessie van selfbewussyn nie in rekening gebring nie (vgl. bv. Mead). Daarenteen is die hoofstuk oor terugvoering van 'n goeie standaard en word daar interessante perspektiewe op die terugvoeringsverskynsel gelewer.

In die tweede deel van die boek is 'n aantal teoretiese benaderings tot kommunikasie uiteengesit. Die outeur het hom deur twee kriteria laat lei in die seleksie van die vyftal benaderings, nl. die belang van elke benadering soos blyk uit die onlangse kommunikasieteoretiese literatuur en die moontlike bydrae wat elke benadering tot die sosiaal-wetenskaplike studie van kommunikasie kan lewer. Oor die algemeen is elkeen van hierdie benaderings betreklik kripties weergegee. In die meeste gevalle is 'n hoofstuk afgesluit deur 'n bondige toepassing en/of evaluasie van die betrokke benadering. Hierdie paragrawe is besonder nuttig. Trouens, dit is jammer dat die outeur hom nie meer ruimte toegelaat het om op hierdie kommentaar, toepassings of aanvullende beskouings uit te brei nie. 'n Goeie voorbeeld hiervan is te vinde aan die einde van hoofstuk agt, wat handel oor die sisteembenadering. Hier het die outeur die algemene sisteembenadering toegepas op die terrein van die skakelwese. Hy het tewens nog 'n stap verder gegaan deur spesifiek Grunig se model vir organisasiekommunikasie te interpreteer in terme van skakelwerk. Hoewel baie pregnant, het die outeur hier tog wel 'n besondere perspektief op die gebied van skakelwerk geopen. Dit sou waarskynlik nie 'n oordrywing wees om te sê dat hierdie paar bladsye wat hy aan skakelwerk wy 'n fundamenteel teoretiese bydrae tot 'n betreklik teoreties vormlose terrein van die toegepaste kommunikasiewese is nie.

In 'n nabeskouing gee Fauconnier les bes 10 stellings oor die aard van kommunikasie as sosiale verskynsel en na aanleiding van hierdie stellings formuleer hy dan 'n eie definisie van die proses.

In sy geheel gesien, is *Algemene Kommunikatietheorie* 'n nuttige bydrae tot die sistematiserende en kritiese literatuur oor kommunikasieteorieë. Weliswaar het die leser soms die indruk dat daar te veel informasie in 'n te klein aantal bladsye ingeforseer word en moet 'n mens die gevolgtrekking maak dat die outeur goedskiks die boek tog wel met minstens 25% kon uitgebrei het. Hierdie uitbreiding sou eventueel veral meer van die outeur se eie interpretasies, toepassings en evaluasies kon ingesluit het. Wanneer 'n mens hierdie boek met dié van Littlejohn en Fisher gaan vergelyk, dan blyk dit uiteindelik tog wel dat die Europese inset wat wel duidelik na vore kom in Fauconnier se werk, 'n verrykende perspektief op die problematiek van 'n kommunikasieteorie lewer.

H.C. Marais

Departement Kommunikasiekunde
UOVS

Tan, A.S. (1981) *Mass communication theories and research*. Columbus, Ohio: Grid Publishing, Inc.

The main objective of this recent publication on mass communication theory and research by Alexis Tan, is to present and integrate results of significant communication research within theoretical frameworks that can be useful to readers with little or no background in communication theory, methodology, or statistics. However, the specification of a seemingly uninformed target group by Tan, who is professor of communication at *Texas Tech University* in Lubbock, Texas, has in no way distracted from the scientific and well-structured approach to the currently salient problems of mass communication.

The book comprises of four parts: The science of mass communication; Communication and persuasion; Mass communication and socialization; Two resurgent theoretical models. A wide range of subjects are dealt with in each of the parts. Interesting new focuses are directed at factors such as the effects of media erotica and the prosocial effects of television. Particularly useful is the presentation of persuasion within the framework of the basic components of the communication process. The book is concluded with specific attention to a co-orientation model and the uses and gratifications approach to mass communication. The influences of five respected theorists are perceptible throughout the book: Albert Bandura, Steve Chaffee, Jack McLeod, Leonard Berkowitz, and William McGuire.

Mass communication theories and research seems to have definite possibilities as a handbook of mass communication and persuasion for undergraduate students. Review questions at the end of each chapter makes the book useful for thorough discussions of the subjects. But probably most important, the work presents an update, in terms of fresh approaches as well as references to recent research, of the field of mass communication.

Gustav Puth

Department of Communication
UOFS

Bydraes

Algemeen: *Communicare* word gewy aan die bestudering van alle aspekte van kommunikasie. 'n Besondere doelwit is om as forum vir uitwisseling van kennis oor kommunikasie tussen verskillende dissiplines en oor die sogenaamde skeidslyn tussen suiwer en toegepaste wetenskap heen te dien. Die redaksie ontvang graag manuskripte van

hoë gehalte wat oor enige aspek van kommunikasie handel. Manuskripte oor oorspronklike navorsing, metodologiese en teoretiese benaderings en kritiese literatuuroorsigte sal oorweeg word. Die redaksie het nie 'n voorkeur vir enige spesifieke metodologiese of teoretiese benadering nie. Die enigste kriterium is standaard. Alle manuskripte word aan keurders voorgelê.

Voorlegging van manuskripte. Vier fotokopieë van die manuskrip moet voorgelê word. Die manuskrip moet in dubbelspasiëring getik wees met kantlyne van minstens twee sentimeter. Die naam van die outeur(s) mag nie op die artikel self voorkom nie, maar moet op 'n afsonderlike titelbladsy verskyn. Die titelbladsy moet verder ook 'n bondige *curriculum vitae* en die adres van die outeur bevat.

'n Opsomming in Engels van ongeveer 150 woorde moet op 'n afsonderlike bladsy voorsien word. Tabelle moet elk op 'n afsonderlike bladsy verskyn, en in die teks moet aangedui word waar die tabel ongeveer geplaas moet word. Die gebruik van voetnotas word sterk afgeraai.

Literatuurverwysings moet in die teks soos volg daar uitsien: Pieterse en Conradie (1979) het . . . Aan die einde van die artikel word onder *Verwysings* die volgende styl gehandhaaf:

Pieterse, J.L. en Conradie, G.G. (1979) Die kontrolefunksie van kommunikasie. *Tydskrif vir Kommunikasiekunde*, 17, 181 - 189.

Pieterse, J.L. en Conradie, G.G. (1979) *Kommunikasiekunde en kontrole*. Johannesburg: Perskor.

Verdere tipografiese en stylspesifikasies is op aanvraag by die redaksie verkrygbaar.

Contributions

General: *Communicare* is devoted to the study of all aspects of communication. A specific goal is the creation of a forum for the exchange of information between various disciplines and across the so-called great divide between fundamental and applied fields. The editors will consider for publication all manuscripts of good quality which deal with any aspect of communication. Manuscripts dealing with original research, methodological and theoretical issues and critical reviews of literature will be considered for publication. There is no bias in favour of a specific methodological or theoretical approach. The only criterion is standard. All manuscripts are rigorously evaluated.

Submission of manuscripts. Four photocopies of the manuscript must be submitted to the editor. Manuscripts should be typed and double spaced with margins of at least two centimeters. The name of the author should not be typed on the article itself, but must appear on a separate title page. A brief *curriculum vitae* as well as the address of the author must also appear on the title page.

An abstract of approximately 150 words should be provided on a separate page. Tables should also be typed on separate pages. The author must indicate in the article approximately where the table should be inserted. The use of footnotes should be avoided as far as possible.

References in the article are reported as follows: Jones and Peters (1979) conducted . . . All references are listed under the heading *References*, and should be of the following format:

Jones, L.M. and Peters, W.H. (1979) The functions of communication. *S.A. Journal of Communication*, 56, 452 - 463.

Jones, L.M. and Peters, W.H. (1979) *The functions of communication*. Johannesburg: University Publishers.

A copy of the style and typographical specifications may be obtained from the Editor.